

# Uittreeannuïteit: Kyk voor jy teken

UA's is goeie ekstra voorsiening, maar 'n komplekse produk

Nico van Gijsen



Raad met jou rande

**U**ittreeannuïteite (UA's) is 'n uitstekende manier om te spaar vir aftrede. Selfs al is jy lid van 'n werkgewer-aftreefonds is dit goed om addisioneel voorsiening te maak vir aftrede deur ook in 'n UA te spaar. Die rede is dat bitter min mense genoeg by die werk spaar om gerieflik te kan aftree.

## Alle UA's het voordele

Maar, en hier is die groot probleem wat ek vandag wil beklemtoon, UA's is nie almal dieselfde nie. Die verdere waarheid is dat finansiële produkte so kompleks is dat min mense dit verstaan.

Die finansiële dienstebedryf is ongelukkig tot 'n groot mate ook 'n kommissie-gedrewe smousbedryf, soos wat ek verlede week hier geskryf het. En dit is waar die risiko's lê.

As ek sê UA's is nie almal dieselfde nie, dan gaan dit nie oor die produk self nie. 'n UA, soos enige pensioenfondse, word gereguleer deur die Pensioenfondswet (Wet 24 van 1956). Die beskerming wat jy geniet is dieselfde, so ook die ander voordele.

Die belastingvoordele van 'n UA is bekend. Jy spaar met voorbelaste geld. Jy kan tot 27,5% (of R350 000) per jaar van jou inkomste aftrek en dit in 'n UA spaar. Jou groei in die belegging is eweneens vrygestel van belasting.

Die UA is beskerm teen skuldeisers. Die UA is uitgesluit van jou boedel as jy die dag sterf en dus nie vatbaar vir boedelbelasting nie.

Dit lees ons gereeld. Ekself skryf gereeld hieroor.

## Die koste is waar dit verskil

Wat nie verstaan word nie, tragies genoeg ook nie deur baie makelaars en finansiële raadgevers nie, is die verhouding tussen die verskeraar, die fonds en die lid van die fonds.

Jy besit nie die UA nie. Wanneer jy aansoek doen vir 'n UA (wat deur 'n verskeraar onderskryf word), doen jy eintlik aansoek om lid te word van die betrokke UA-fonds. Terselfdertyd, en dit word baie goed gekamoufler in die



Sorg dat jy die klein skrif van jou uittreeannuïteit se koste verstaan.

Ek is 'n groot voorstander van lewensversekering.

vooraf bemarking, sowel as in die aansoekvorm, doen jy aansoek by die verskeraar vir 'n polis op jou lewe.

Jy word lid van die fonds en die polis word besit deur die fonds, nie jyself nie. Die reëls van die fonds verskaf dieselfde voordele as die polis.

Die onderliggende bate in die UA is dus 'n polis. En dit is waar my probleem met hierdie tipe UA's lê. Die koste word gehef in die polis, wat deur die fonds besit word.

Ek het verlede week gewys op die hoë kommissies wat betaalbaar is met sulke UA's. Tot 5% van die premie oor die termyn van die UA-polis. Hoe langer die termyn (dit kan tot 25 jaar wees), hoe hoër die kommissie wat onmiddellik aan die agent of makelaar betaalbaar is.

Die helfte van die kommissie word daadelik betaal en staan as skuld teen jou UA. Die res daarvan soos en wanneer elke premie ontvang word. Jy begin spaar met skuld en vir die res van jou jare wat jy spaar, betaal jy af daaraan. Met rente. Op 'n UA met 'n premie van R5 000

per maand (soos ek verlede naweek uitgewys het) is die vooruitbetaalde kommissie R19 792, plus R125 per premie. En dis vir 'n premie wat gelyk bly. As jy op 'n jaarlikse premie-verhoging besluit het, herhaal die kommissie-speletjie homself met die verhoogde deel van die premie. Elke jaar.

En jy is gebind. As jy vroeër jou bydraes wil stop, raak die kommissie-skuld net weg nie. Jy word gepenaliseer.

Dit is 'n onding. Dit is nie nodig nie. Daar is UA's beskikbaar teen veel laer koste en waar jy kan premies verhoog, verminder, of tydelik of in geheel stop, soos dit jou finansiële situasie pas, sonder penaliserings.

Maar nou hoor ek van "kontraktuele spaar", asof dit 'n bydrae gaan lewer tot jou aftredevoorsiening. Nee, jy bind jouself bloot tot 25 jaar se kommissie plus die rente daarop. Dis al.

En die ander argument is dat jy lewensdekking en ongeskiktheidsdekking aan so 'n UA kan koppel.

Dit, word my vertel, is tot kliënte se



## Wen Paaslekkernye

Ons almal ken hulle: "Die connoisseur" wat sy paaseier lagie vir lagie eet, eers die sjokolade-omhulsel doppie vir doppie, dan die malvalekker of eers die harde wit dop en dan die sagte sjokolade; of "die gulsige een" wat eersgenoemde met afgryse sal aanskou terwyl hy sommer die hele eier in 'n paar happe verorber; en uiteindelik "die avonturier" wat unieke disse met sy paaseiers skep – soos 'n geroosterde toebroodjie met gesmelte, smerige malvalekkerpaaseiers tussen die snye.

Dit maak nie saak hoe jy jou paaseiers geniet nie, Cadbury het iets wat in jou smaak sal val.

■ Drie lesers kan elk 'n geskenkpkap gevul met 'n verskeidenheid van Cadbury se paaslekkernye – onder meer 'n sak malvalekkeriers, 'n paaseier gevul met Whispers, en wit eiers – wen. **SMS die woord "Paasfees", gevolg deur jou naam en afteweringsadres na 34581. Inskrywings sluit Dinsdag 4 April om 12:00.**

voordeel omdat hulle dan 'n lewens- of ongeskiktheidspolis koop waarvan die premies belastingaftrekbaar is (omdat bydraes tot 'n UA aftrekbaar is soos ek hierboven noem).

Ek is 'n groot voorstander van lewensversekering. Al is dit net as 'n meevaler vir jou kinders wanneer jy sterf. Daar is niks soos 'n miljoen of twee se randjies om hartseer te verdryf nie.

Maar die belastingvoordeel as jy dit in 'n UA koop? Dis twak.

Eerstens gebruik jy geld vir lewensdekking wat jy kon spaar vir aftrede. Dit is nie 'n gratis byvoordeel nie.

Belangriker is egter die belastinggevolge by dood.

'n Gewone lewenspolis val in jou boedel vir boedelbelasting, maar jy het mos die R3,5 miljoen-aftrekking (art. 4A van die Wet op Boedelbelasting, Wet 45 van 1955) voor boedelbelasting betaalbaar is. Daarna betaal jy boedelbelasting teen 20% (as die belasbare boedel meer as R30 miljoen is, dan teen 25%).

Omdat 'n UA nie in jou boedel val nie, is die lewensdekking wat jy daarmee saam uitgeneem het, ook uitgesluit vir boedelbelasting. Dis die verkoopargument. Maar daar heers stilsywe oor die feit dat dit belas word ingevolge die tweede skedule van die Wet op Inkomstebelasting (Wet 58 van 1962) as 'n pensioen-kontantbedrag teen 'n koers van tot soveel as 36%.

Kyk voor jy teken.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan [nico@finlac.com](mailto:nico@finlac.com).